




***Strikdas-familie***
Produksienotas

# STRIKDAS
# “’n Familie Gedoente”

## Produksienotas

**Faith in Motion Productions& Philo Films**

**bied in samewerking met**

**kykNET**

**en die**

**Nywerheidsontwikkelingskorporasie van Suid-Afrika**

# STRIKDAS

## “‘n Familie gedoente”

**met**

Kaz McFadden

Leandie du Randt

Albert Maritz

Susanne Beyers

Gys de Villiers

Elsabe Daneel

**Vervaardigers**

Stefan Enslin

Philo Pieterse

**Draaiboekskrywers**

EtienneFourie

Stefan Enslin

**Regisseur van fotografie**

Jacques Koudstaal

**Toesighoudende vervaardigers**

JohanKruger

Anneke Villet

**Redigering**

James Caroll

# SINOPSIS

Don “Vossie” Vorster is ’n geeky diereliefhebber met ’n baie goeie hart. Toe hy op die punt staan om na die Universiteit van Stellenbosch te vertrek, druk sy pa ’n boksie in sy hande. In die boks ontdek hy ’n effens verweerde strikdas. Volgens ’n familietradisie wat van geslag tot geslag oorgedra word, moet die oudste seun in die Vorster-familie ’n strikdas ontvang wanneer hy sy hoërskoolopleiding voltooi. Die groot eer val Vossie nou te beurt. En hy gaan dit beslis nodig kry want dit gaan vir hom ’n groot aanpassing wees om van sy rustige bestaan by sy ouerhuis aan die opwinding wat die universiteitslewe bied, gewoond te raak.

Gewapen met die strikdas en besiel met die waagmoed om op te staan vir dit waarin hy, is hy nou ook gereed om die meisie van sy drome te ontmoet. Vossie en sy nuwe vriende van die Stellenbosch-bevrydingsfront besluit een nag om by die universiteit se laboratorium in te breek en die rotte wat vir navorsing gebruik word, vry te laat. Hulle planne loop lelik skeef en Vossie ontsnap net betyds met een van die rotte in ’n hok. In ’n poging om van die veiligheidswagte weg te kom, kom hy op die snikkende, ontroosbare Willemien de la Harpe af, die mooiste meisie wat hy nog ooit gesien het.

Willemien, wat die bedorwe en opgepiepte dogter van ’n skatryk wynlandgoedeienaar is, is universiteit toe gestuur met die hoop dat sy daar sal leer om die regte lewenskeuses te maak. Vossie en sy soort is beslis nie die De la Harpes se idee van ’n “goeie lewenskeuse" nie. Willemien wil ook baie meer van die lewe hê as wat Vossie haar ooit kan bied. By hierdie kruispad kom Vossie voor die grootste uitdaging van sy lewe te staan, naamlik dat hy vir Willemien en die hele snobistiese De la Harpe-familie moet oorreed dat hy haar waardig is en die regte man vir haar is. En dis nie maklike opdrag nie, veral omdat Willemien se eks hom om elke hoek en draai voorlê en sake vir hom bemoeilik en glad nie van plan is om Willemien te laat gaan sonder om vir haar te baklei nie.

## REGISSEUR SE VERKLARING: Stefan Nieuwoudt

Stefan Enslin het my genader om die regie van*Strikdas-familie*hanteer en nadat ek die draaiboek gelees het, het die idee van ’n romantiese rolprent met ’n hoofkarakter wat nie ’n alfa-man is nie, my nogal aangestaan. Vossie is eintlik presies die teenoorgestelde van die alfa-man en die uitdaging waarvoor ek te staan gekom het, was om hierdie karakter op ’n romantiese manier vir die kykers aantreklik te maak.

Die draaiboek was regtig snaaks en die konflik in die storielyn het heelwat moontlikhede om komiese oomblikke teskep, gebied. Die feit dat Philo Pieterse by die prent betrokke was, het my soos ’n handskoen gepas. Hy is ’n legende in die plaaslike rolprentbedryf en ek hetnet geweet dat ek baie by iemand soos hy sal kan leer.

Die eerste stap was om die regte akteurs vir die rolle te kry. Die karakters dra die storie, wat in pragtige omgewings afspeel. Ons benadering was om ’n balans te handhaaf waar die kamera die akteurs genoeg ruimte gee om hulleself uit te druk en om terselfdertyd ’n mooi rolprent te maak. ’n Goeie dosis droë humor kom deurgaans in die prent voor met heelwatsubtiele, komieseoomblikke eneen van die redes waarom die prent ’n stadige pas handhaaf. En net soos Vossie, die sjarmante bleeksiel, boei die film die gehoor in so ’n mate dat hoe langer jy daarna kyk, hoelekkerder raak dit om daarna te kyk. Die rolprent ontgin teenstrydige omgewings en waardes, wat ’n invloed gehad het op die wyses waarop ons die karakters en plekke uitgebeeld het.

Stellenbosch en die omliggende wynplase is in’n pragtige omgewing geleëen ons was baie bevoorreg om op die landgoed Vrede en Lust te kon verfilm – dit het heelwat waarde, skoonheid en geloofwaardigheid aan die storie verleen.

My gunstelingplek was Vossie se huis, ’n bekoorlike plekkie wat in ’n woud nabyJonkershoek geleë is. Dit was belangrik om Vossie se wêreld toeganklik te maak en ons het dus heelwat tyd spandeer om presies die regte huis op te spoor – en in die proses baie mense teen die mure uitgedryf. Om in die Wes-Kaap plekke te kry wat jou sal toelaat om ’n Afrikaanse rolprent te skiet, is nogal moeilik omdat die groot advertensie-agentskappe en internasionale produksiehuise reusagtige begrotings het en mense baie geld aanbied om hulle eiendom vir verfilming te gebruik. Ons was baie gelukkig om soveel fantasiese plekke om ons prent in te skiet, te kon kry.

Jacques Koudstaal was ons regisseur van fotografie en daar is twee redes waarom ek graag wou hê dat hy die rolprent moet verfilm.Hy is in die eerste plek ’n tegniese perfeksionis wat sorg vir foutlose beligting, komposisie, lense en beweging. Hy is ook ’n besondere narratiewe fotografieregisseur wat beteken dat hy die storie en genre eerste plaas. Ek het oneindig baie by hom geleer oor die belangrikheid van buite-opnames en om die regte liggings vir die storie te gebruik.

Wat die ervaring egter vir my laat uitstaan, is die wonderlike klomp akteurs waarmee ons gewerk het. Aan die een kant van die spektrum is die deftige De la Harpe-gesin. Sandra Kotze as die ouma is regtig snaaks en sê altyd presies wat sy dink sonder om enigsins ’n wag voor haar mond te sit. Sy is ’n statige maar energieke vrou en vir my was dit ’n groot eer om saam met Sandra te werk. Gys de Villiers was uitstekend as die buierige patriarg terwyl Elsabe Daneel presies die regte hoeveelheid deftigheid en finesse verskaf wanneer sy haar man, ma en rebelse dogters hanteer het. Die nuweling, Andrea Pienaar, beïndrukook as die uiters moeilike tiener.

Aan die ander punt van die spektrum is die nugter Vorster-familie. Susanne Beyers is die kunssinnige, oorbeskermende en liefdevolle ma. Albert Maritz speel die sorgelose pa wat meestal met sy kop in die wolkeis. En hy en Philip Hotz as die oupa wat kwalik van sy omgewing bewus is, is ’n skreeusnaakse paartjie. Ons het ons gate uit geniet om die drie te verfilm. Albert en Susanne se karakters is nogal *wacky*maar uniek, enhulle het harte van goud.

Een van ons grootste uitdagings was om die regte akteur te kry om Vossie te speel. Hy moes nie net ’n geloofwaardige*geek* wees nie, maar ook snaaks en sjarmant. ’n Bykans onmoontlike taak!Kaz McFadden,wat uiteindelik ons keuse as Vossie was, is nie net ’n uitstekende akteur en harde werker nie,maar kon ook vinnig in sy karakter se skoene klim en het soveel dimensies aan sy karakter verskafdeur aandag aan elke moontlike detail te gee – van die manier waarop hy geloop, gehardloop engelag het ... en hy was boonop skreeusnaaks as Vossie.Die filmspan en akteurs kon kwalik hulle lag tydens skotehou. Hy vertolk ook die rol met soveel eerlikheid dat dit maklik vir die kyker is om aanklank by hom te vind en sy gevoelens saam met hom te beleef.

Leandie du Randt wat Willemien speel, sorg vir ’n goeie balans in die verhaal. Sy is beeldskoon, pas uitstekend in die rol as die romantiese heldin en is geloofwaardig as die bevoorregte kindvan ryk ouers wat sukkel om haar eie waardes te definieer en haar beheervraat pa te hanteer. Leandie hou haar vertolking werklik en is deurentyd besig om haar karakter se optrede te bevraagteken of te regverdig.

Sean-Marco Vorster is uitgeknip vir die rol as ’n aantreklike rokjagter – hy is alles wat Vossie nie is nie. Sean-Marco is ’n talentvolle akteur met die potensiaal om vinnig opgang te maak. Hy gee heelwat kleur en geur aan sy karakter.

# BIOGRAFIEË: ROLPRENTSPAN

**PHILO PIETERSE–vervaardiger**

Philo het in 1980 die deure van Philo Films, ’n rolprent- en televisieproduksiemaatskappy, oopgemaak. Hy is reeds die afgelope 33 jaar ’n prominente rolspeler in die Suid-Afrikaanse rolprentbedryf. Philo Films het al 18 internasionale en 48 plaaslike toekennings vir kreatiewe voortreflikheid ontvang.

Die maatskappy se betrokkenheid by die vervaardiging van plaaslike sowel as internasionale rolprente en televisiereekse vir verskeie netwerke, maak dat hulle baie ervaring van die rolprentwêreldhet, veral wat die vrystelling van rolprente in internasionale markte en die vervaardiging van vollengterolprente,asook televisie- en dramareekse, vir die Suid-Afrikaanse mark betref.

As uitvoerende vervaardiger het Pieterse in samewerking met sy vennote reeds 32 vollengtefilms vervaardig, en/of bemark en versprei, vir beide rolprentteaters en televisie.Dit sluit onder andere *A Million Colours, E’Lollipop, Boetie Gaan Border Toe, Boetie Op Maneuvers, Circles In A Forest, Brutal Glory, Orkney Snork Nie, Orkney Snork Nie: Lekker By Die See, Van der Merwe PI, Lipstick Dipstick*en*Plattteland*in.

Plaaslike televisiereekse wat hy vervaardig het, sluit in *Soul City* (26 episodes), *Ifa Lakwa Mthethwa* (26 episodes), *Die Vlakte Duskant Hebron* (13 episodes) en*Mauwie*.

Pieterse het ook ’n aantal internasionale televisieproduksies vervaardig, soos *Anna, My Longest Day, Bonjour Tristesse, Dr Verdier, Show me your City, Indaba, Child of Soweto, Crime of Love, Black Velvet Band, Cape Town Blues, Stone of Light, The Red Phone, Platinum, Elephant Tales, ER* (reeks 12, episodes 15,19 en 20),*Diamonds* en*La Talpa III* (12 episodes).

**STEFAN ENSLIN –Vervaardiger, skrywer**

Nadat Stefan in 1997 gematrikuleer het, het hy vir ’n graad in argitektuur by die Universiteit van die Vrystaat ingeskryf, maar aan die einde van sy eerste jaar het hy besluit om stads- en streeksbeplanning by die Universiteit van Noordwes te gaan studeer. Hy behaal in 2002 sy graad en gee vir ’n kort tydperk onderwys voordat hy na Brittanje verhuis waar hy vir agt jaar as ’n stads- en streeksbeplanner werk.In 2009 besluit hy om sy droom om rolprente te maak, na te jaag. Hy voltooi ’n kursus in draaiboekskryf en keer na Suid-Afrika terug om sy droom te bewaarheid. Hy word ’n posisie as draaiboekskrywer en assistent-vervaardiger by Global Creative Studios, wat *Faith Like Potatoes* gemaak het, aangebied.In 2012 besluit hy egter dat die tyd ryp is om sy eie produksiemaatskappy, Faith in Motion Productions, wat op die hele gesin fokus, op die been te bring.

Hy was sedertdien betrokke by die kortfilmprojek *Love Bombs* en die rolprent, *Klein Karoo*,het die roman, *Verskietende Ster*, wat later in 'n rolprent omskep is, geskryf asookdie draaiboek vir 'n Amerikaanse vollengteprent wat later vanjaar in Suid-Afrika vrygestel word.

**ETIENNE FOURIE – Draaiboekskrywer**

Etienne het gedurende sy hoërskooljare verskeie toneelstukke geskryf en geregisseer en onder leiding van professor Hans du Plessos die ATKV se jaarlikse nasionaleskrywerskompetisie gewen. In 2011 behaal hy 'n honneursgraadmet rolprente as medium by die AFDA-filmskool in Kaapstad, met regie en draaiboekskryf as hoofvakke. Sy kortfilm, *Die Windpomp*, wat hy geskryf en geregisseer het, is in 2012 die amptelikekeuse vir die Oscars/Academy-toekennings vir studente en wen ook 'n SAFTA vir beste studenterolprent. In 2013 pas hy *Die Windpomp* aan vir 'n vollengtefilm, wat in 2014 by die *Silwerskermfees*vyf toekennings losslaan, onder andere vir beste regisseur, beste skrywer en beste rolprent. Etienne het ook heelwat musiekvideos en handelsflitse geskryf en geregisseer en in 2012 'n Loerie-toekenning vir sy handelsflits, "Wishing Well", gewen. Hy het ook die draaiboek van die Afrikaanse vollengtefilm, *KleinKaroo,* geskryf.

**STEFAN NIEUWOUDT – Regisseur**

Stefan het in 2005 sy BTech-graad in regie by Tshwane Universiteit van Tegnologie se rolprentakademie behaal en in 2007 by Urban Brew Studios as 'n insetselregisseer vir *Yo-televisie*, die kinder/tienerprogram op SABC 1, begin werk. In 2010 doen hy die regie van*Superhelde*, 'n tienerkomedie deur die Film Factory, geskryf deur Andrew Thompson en Ivan Botha en vervaardig deur Danie Bester. Hy span in 2011 weer kragte saam met Thompson en Bester toe hy *Ek Joke Net*, 'n steelkamerafilm, saam met hulle skryf en regisseer.

In 2012 was hy die medeskrywer en regisseur van *Ek Joke Net 2!* (wat in 2014 vrygestel is) en doen hy ook die regie van*Bakgat 3*, die derde aflewering van die gewilde Afrikaanse tienerkomediefranchise. Daarna pak hy *Agent 2000*, 'n spioenasiekomedie vir kinders aan, wat in 2014 vrygestel is.

# BIOGRAFIEË:AKTEURS

**KAZ MCFADDEN – Don 'Vossie' Vorster**

Kaz het in 2006 sy derde jaar by die Performing Arts Lifestyle Institute (PALI) voltooi en is tans 'n dosent by die instituut. In 2007 maak hy sy debut op nasionale televisie in *Binnelanders* en in dieselfde jaar voltooi hy sy vierde jaar by PALI en kry hy 'n permanente rol by die kykNET-sepie, *VillaRosa*. Hy was sedertdien in ander televisieproduksie soos *Egoli – Place of Gold*, *Die uwe Pottie Potgieter*en Koos Roets se*Pantjieswinkelstories*te siene*.* Hy vertolkop die oomblik die rol van Dewaldin *Sewende Laan* en was ook in teaterproduksies soos*Paulus*, *Noises Off*, *Vaselinetjie*en *Somewhere on the Border.* Buiten al sy rolle as akteur, tree hy ook as die artistieke regisseur op vir Nomad Productions (of "the Nomads", soos wat hulle algemeen bekend is). As skrywer en regisseur was Kaz vir*Fladder*, *Grond*, *Skemer* en die Kersaanbieding, *Aan die Ander Kant,*met akteurs soos Gavin van den Berg en Shareen Swart, verantwoordelik. Sy vollengtefilms sluit*Egoli – Afrikaners is Plesierig*, Angus Buchanse *Ordinary People*en Katinka Heyns se*Die Wonderwerker* in. Hy is in 2012 genomineer vir die Ikussasa-jong-akteur-van-die-jaar-toekenning.

**LEANDIE DU RANDT – Willemien de la Harpe**

Leandie du Randt is 'n alumni van die Universiteit van Johannesburg waar sy 'n BCom- en honneursgraad in bedryfsielkunde behaal het. Sy is 'n geregistreerde psigometris. Buiten 'n paar studenteproduksies sluit haar professionele teaterrolle *Baba Oppasser, Speelpark*en *Death by Chocolate*in.Sy was ook onlangs in seisoen 7 van die werklikheidsreeks,*StrictlyComeDancing*te siene en was ook in *Vlug na Egipte*en *Moeggeploeg* (kykNET). Sy is waarskynlik die bekendste vir haar rol in *Getroud Met Rugby,* wat tussen 2008 en 2012 vrygestel is en sy was ook in die sepie, *Isidingo*. Haar vollengtefilmrolle sluit in *Hollywood in My Huis, Mooirivier, Die Windpomp, Drukkersbloed, Klein Karoo, Semi-Soet, Susanna van Biljon*, *Egoli – Afrikaners is Plesierig* en*Flesh*.

**ALBERT MARITZ –Jagter**

Albert het sy hand al aan alles gewaag – toneelspeel, vervaardiging en regie vir die radio, televisie en die verhoog. Hy was byvoorbeeld al'n finalekontrolevervaardiger vir televisie, die sport- en kunsredakteur vir geselsradio, gasheer vir 'n radiogeselsprogram en wenner van die Media Celebrity Super 10-rugbykompetisie in 1998. Hy het hoofrolle gespeel in Emmy-genomineerde televisiereekse soos *Home Affairs*, *Feast of the Uninvited*, *Vallei van Sluiers*, *Vloeksteen*en meer onlangs*Donkerland.* Hy was ook in internasionale rolprente soos *Invictus* – saam met Matt Damon en Morgan Freeman; in *Winnie* teenoor Jennifer Hudson; *Skoonheid*;*In My Country*teenoor Juliette Binoche en Samuel L Jackson, en in*Verraaiers*.

As 'n vervaardiger en regisseur maak hy veral naam toe hy nuwe lewegegee het aan draaiboeke soos*Faan se Trein*(KKNK en Aardklop se gewildste produksie in 2005), *Faan se Stasie* (KKNK, Aardklop, Innibos, Kunstekaap en Durbanville, 2006), *Taraboemdery* (prys vir beste kunstenaar by

Innibos, 2010), *'n Seder val in Waterkloof* (Innibos se gewildste produksie in 2011), *Die Rebellie van Lafras Verwey*(wat in 2011 die Fleur du Cap-toekennings as beste regisseur, beste akteur en gewildste produksie ontvang), *Mooi Maria* (Aardklop 2011:beste regisseur, beste aktrise, beste Afrikaanse produksie), *Die Van Aardes van Grootoor* (Innibos, Durbanville, KKNK, 2013), *Die Koggelaar* (Woordfees 2013), en 'n Afrikaanse produksie van*Playland* (Suidoosterfees, 2014). Hy was ook verantwoordelik vir die regie van *Pottie Potgieter*; *My Pa Dink Hy Is Elvis; Droomvrou;* en Luna Paige se DVD, *Storielied.*Meer onlangs het hy saam met Waldemar Schultz die regie van*Stander*behartig, asook 'n musiekteaterstuk, *Elders aan Diens,* wat op die poësie van Jeanne Goosen gebaseer is. Hy is ook baie bekend vir sy televisierolle in reekse soos*Konings* en *Torings* (waarvoor hy 'n Artes-toekenning as beste akteur in 'n televisiereeks gewen het), *Arende*, *Egoli, Galery, Home Affairs, Sewende Laan, Isidingo, Khululeka, Feast of the Uninvited, Vloeksteen, Vallei van Sluiers*en*Buurtwag*.

As televisie vervaardiger en regisseur is hy die dryfkrag agter *Groot, groter as..., NP van Wyk Louw, Wyk en die Meisies, Elders aan Diens* en *Impresario*. Vir die groot skerm was hy mede-vervaardiger en regisseur van *Lenteblom*en *Tussen as en Hoop*.

**GYS DE VILLIERS – Herman**

Gys se ouers het mekaar ontmoet terwyl hulle albei aan 'n amateurteaterbeweging behoort het en sy pa het mettertyd 'n baie produktiewe regisseur en vervaardiger geword – die vermaaklikheidswêreld was dus van kleinsaf in Gys se bloed. Na sy tweejaardiensplig studeer Gys aan die Universiteit van Kaapstad en in 1982 tree hy in sy eerste professionele stuk, *It's a Boy,* in die Baxter-teater op. Van sy hoogtepunte as verhoogakteur sluit in*Die Spinner* (AA Vita-toekenning as beste akteuren 'n Dalro in 1985); *Suig* (best draaiboek en innoverende werk by Aardklop, 2003); *Uit die Bloute* en*The Double Room*waarvoor hy in 2001 'n AA Vita-toekenning as beste manlike danser, kontemporêre styl, wen.)

Hy het ook hoofrolle in telvisiereekse soos*Die Vierde Kabinet, Sewende Laan, Binnelanders, Triptiek1&2; Onder Draai die Duiwel Rond, Iemand Om Lief te hê; Isidingo* en *Hartland*gespeel.

Hy was onlangs te siene as FW de Klerk in *Long Walk to Freedom*, as Van Aswegen in *Verraaiers*, Abel in *Die Ontwaking*en 'n polisieman in*Vehicle 19*saam met wyle Paul Walker. Hy het ook die regie behartig van die bekroonde toneelstuk, *Brief Description,*waarin Graham Weir speel, *Rooikaart*met Frank Opperman en*Adeamus* met 300 studente.

**ELSABÉ DANEEL – Sandra**

Esabé is 'n gewilde aktrise en 'n bekende televisie-aanbieder, regisseur en vervaardiger. Sy het twee Artes-nominasies en twee Star Tonight-nominasies vir haar televisiewerk ontvang, in verskeie televisiereekse soos *Sewende Laan*gespeel en ook haar hand gewaag aan radio- en kommersiële werk en oorklanking. Elsabé vervaardig dramaproduksies vir die nasionale kunstefeeste, tree landwyd as aktrise (sy was onlangs in drie Suid-Afrikaanse rolprente te sien),seremoniemeester, beoordelaar

en openbare spreker op, bied poësieprogramme aan, lewer joernalistieke bydraes aan die media en maak gereeld gasverskynings op televisie en radio en in die gedrukte media.

As stigter vanElsabé Daneel Productionsvervaardig sy korporatiewe en dokumentêre videos vir privaat kliente en kykNET.Sy is ook ’n gasdosentby die Universiteit van Stellenbosch waar sy studente, dosente en ander personeellede in kommunikasie- en projeksievaardighede oplei. Haar privaat studente in media- en kommunikasiestudies was in 2006 die wenners van die Beste Algehele Projek en Beste Redigering in M-Net se EDiT-kompetisie.

**MARIDI JOOSTE – Tamara**

Maridi het drama aan die Universiteit van Stellenbosch studeer en daarna ’n oorbruggingsjaar in Amsterdam gedoen, waar die teatergemeenskap haar soos ’n magneet aangetrek het. Sy voltooi daarna ’n kursus in film as dramamedium by die Universiteit van Amsterdam. Haar passie vir karakters lei tot verdere studies in sielkunde. Sy het in rolprente soos *Die Windpomp* en*Sophia Grace and Rosie’s Royal Adventures*opgetree, as ’n kreatiewe navorser en fasiliteerder by die The Screened Actor’s Studio gewerk en nog kursusse in rolprentvervaardiging by die New York Film Academy en City Varsity voltooi. In 2014 het sy ’n draaiboek vir haar eerste rolprent, *Die Wasgoedmandjie,* wat 24 minute lank is, geskryf en die rolprent wat later die jaar by die Silwerskermfees vertoon is, vervaardig.

**SEAN-MARCO VORSTER – AJ**

Twee weke nadat hy sy matriekeksamens by Paarl Boys’ High geskryf het, het Sean-Marco ’n rol in sy eerste vollengtefilm losgeslaan as die byspeler, Dietmar, in die eerste Afrikaanse gruwelprent, *Lyfstraf*. Hierna gaan studeer hy drama aan The South-African School of Motion Picture and Live Performance (Afda). Natwee jaar se dramastudies het hy besluit om sy onderrig in die filmwese uit te breina regie en draaiboekskryf. Nadat hy ’n hele paar verskynings in Afda-kortfilms gemaak het, kry hy die rol as Rossouw in Etienne Fourie se vierdejaarsprent, *Die Windpomp*. Die rolprent word dan ook deur Zen HQ Filmsgekies om na ’n vollengtefilm omgeskakel te word – waarin Sean-Marco weer die rol van Rossouw vertolk. Hy kry ook die hoofrol in *Amaza*, wat tans op SABC1 te siene is. Op 22 jarige ouderdom het hierdie akteur al soveel ervaring voor die kamera sowel as agter die kamera opgedoen dat ons groot dinge van hom in die toekoms kan verwag.

**KARLI HEINE – Stil Sylvia**

Karli studeer aan die Universiteit van Stellenbosch waar sy ’n graad in drama en ’n honneurs in kabaret behaal. Sy speel in verskeie teaterproduksies maar haar eerste verskyning op die skerm was by Aardklop in die produksie *18*,*wat deur Marthinus Basson geregisseer en deur Saartjie Botha vervaardig is. In 2013 wen sy ’n kykNET-Fiesta as ondersteunende aktrise vir haar rol in *Op Dees Aarde*deur Reza de Wet, wat weer deur Mathinus Basson geregisseer en deur Teater-Teater vervaardig word. Karli sing ook op Kom vlieg, ’n CD vir kinders, wat deur Helena Conradie vervaardig is en het al ’n hele paar kabaretvertonings geskryf en geregisseer.

**ANDREA PIENAAR – Letitia de la Harpe**

Andrea, wat 18 jaar oud en ’n leerder aan die Hoërskool Jan van Riebeeck is, woon saam met haar ouers en ouer suster in die hartjie van Kaapstad. Sy het van jongs af in toneelspel belanggestel en aan baie skool- en ook ’n paar professionele teaterproduksiesdeelgeneem, en haar eerste televisierol was indie kykNET-reeks, *Thomas@*, waarin sy die vroulike hoofrol vertolk het. Sy beplan om nadat sy aan die einde van die jaar gematrikuleer het, BCom-regte aan die Universiteit van Stellenbosch te studeer en deur die wêreld te reis. Sy is op haar gelukkigste wanneer sy tyd saam met haar vrydenkende vriende en familie deurbring en wil in die toekoms steeds toneelspeel.

**MARCÉL ENGELBRECHT – Kwassie**

Marcél het in Kimberley en op ’n plaas langs die Vaalrivier grootgeword. Kimberley se florerende teatergemeenskap het aan hom die geleentheid gebied om by heelwat toneelstukke betrokke te raak en selfs hoofrolle in grootskaalse skoolproduksies soos *Fame* (Nick Piazza), *Godspell* (Jesus), *High School Musical* (Ripper), *Inspector Drake’s Last Case* (Victor Gagarin) en*Back to the 80s* (Corey Palmer Junior) los te slaan.In 2006 neem hy as lid van die Kimberley-kinderkoor aan die World Choir Games in China deel en sluit in 2008 by Die Phillip Kotze Sangskool in Bloemfontein aan, waar hy vir twee jaar sangopleiding ontvang. Op 17 jaar behaal hy Trinity Guildhall in Londense Graad 8 in stemwerk. Hy matrikuleer in 2011 aan dieSt. Cyprian’s Grammar School for the Performing Arts in Kimberley en verwerf sy Nasionale Senior Sertifikaat met musiek, drama en dans as hoofvakke. In 2012 debuteer Marcél in die Masque-teater se *Aladdin: The Panto,* waarvoor hy ’n CATA-nominasie vir belowendste nuweling vir sy rol as Aladdin ontvang. Hy tree in ander Artscape-teaterproduksies op wat die feesproduksie *Boy Meets Boy*(Guy Rose), Gilbert en Sullivanse*Guys and Dolls* (Society Max) en Stagecraft Drama Studio se*Noddy* (Mr Plod/Witch) insluit.Hy speel ook dieMaître d’ in Richard Loringse*Kaapse Storties From the Mother City*by Richardse Supper Stage en hy repeteer tans vir die musiekblyspel *Rockville 2069*. Hy maak sy rolprentdebuut in*Strikdas-familie*.

**ROLVERDELING**

| | |
|---|---|
| KAZ MCFADDEN | Don “Vossie” Vorster |
| LEANDIE DU RANDT | Willemien de la Harpe |
| ALBERT MARITZ | Jagter |
| SUSANNE BEYERS | Patrys |
| GYS DE VILLIERS | Herman |
| ELSABE DANEEL | Sandra |
| PHILLIP HOTZ | Oupa Joop |
| MARCEL ENGELBRECHT | Kwassie |
| MARIDI JOOSTE | Tamara |
| KARLI HEINE | Stil Sylvia |
| ANDREA PIENAAR | Letitia de la Harpe |
| SANDRA KOTZE | Ouma Koekoe |
| SEAN-MARCO VORSTER | AJ |
| ROBIN SMITH | Adriaan |
| ADRIENNE PEARCE | Tinkie |
| RUDY VISAGIE | Sekuriteitswag |
| TANYA VAN NIEROP | Chantal |

ROLPRENTSPAN

| | |
|---|---|
| Vervaardiger | Stefan Enslin |
| Vervaardiger | Philo Pieterse |
| Toesighoudendevervaardiger | Johan Kruger |
| Toesighoudendevervaardiger | Anneke Villet |
| Produksiebestuurder | Mart-Marie Schoeman |
| Produksiekoördineerder | Trevor Goslin |
| Produksie-assistent | Robert Strydom |

| | |
|---|---|
| Produksierekenmeester | Edward Kruger |
| Assistent van die produksierekenmeester | Claire Kruger |
| Regisseur | Stefan Nieuwoudt |
| 1ste Assistent-regisseur | Jean Bellingan |
| 2deAssistent-regisseur | Jacobus Kriel |
| 3deAssistent-regisseur | Rudy Fernandes |
| Boodskapper | Romeo du Toit |
| Draaiboekskrywer | Stefan Enslin |
| Draaiboekskrywer | Etienne Fourie |
| Draaiboektoesighouer | Liezl Spies |
| Regisseur van fotografie | Jacques Koudstaal |
| Fokusoperateur | Adrian Boerlage |
| Kamera-assistent/Laaier | Chris Gunter |
| Datahanteerder | Jurgen Painczyk |
| DIT | Kiko Herera |
| 2deKamera-operateur | Naguib Fredericks |
| 2deKamerafokusoperateur | Lally Tshabane |
| Klankmenger | Anton van der Linde |
| Boemoperateur | Luyola Dambuza |
| 2deEenheidsboem | Ted Levin |
| Boemoperateur | Luyola Dambuza |
| Hoofgrip | Chris Williamson |
| Assistent | Sharon Styles |
| Assistentgrip | Nathan Kasongo |
| Leerlinggrip | Fru Joy Chi |
| Kamerahulp | Steven Hickson |
| Assistent | Brian Oliver |
| Vonkassistent | Gylane Alonyi |
| Kragopwekkeroperateur | Andries Ngaleka |
| Leerlingvonkassistent | Antonio Kabal |
| 2deEenheidsvonkassistent | Paul Chunkanson |

| | |
|---|---|
| 2de Eenheidsvonkassistent | Saul Calvo |
| 2de Eenheidsvonkassistent | Rameesh Herbert |
| Eenheidsbestuurder | Simphiwe Jodwana |
| Eenheidsassistent | Thandekile Mapinda |
| Eenheidsassistent | Serge Bugandwa |
| 2de Assistent | Itumeleng Mokoena |
| Eenheidsleerling | Adolf Luma |
| Produksie-ontwerper | Etienne Jansen van Rensburg |
| Kunsregisseur | Maria Labuschagne |
| Kunsbystandspersoon | Jacqueline Brits |
| Kostuumontwerper | Zelda Minnaar |
| Kostuumbystandspersoon | Gabi Benkunskas |
| Garderobe-assistent | Karlien Oosthuizen |
| Naproduksietoesighouer | Amanda Henry |
| Redigeerde | James Caroll |